Langenhovenpark
Die GEMEENTE
vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 22 FEBRUARIE 2026

### Eredienste

**09:00 Erediens - Doop**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Genesis 4: 1-16 (2020 vertaling)
**Tema:** Kain & Abel, 'n fout word verwyt

**18:00 Aanddiens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Genesis 4: 1-16 (2020 vertaling)
**Tema:** Kain & Abel, 'n fout word verwyt

**19:00 Kerkraadsvergadering - konsistorie**

**JEUG**

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Marica
**Tema:** Jesus is Koning

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** André Boshoff
**Tema:** Die ware gelukkiges - Matteus 5:1-12 en Matteus 5:13-16

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** André Boshoff
**Tema:** Die ware gelukkiges – Matteus 5:1-12 en Matteus 5:13-16

**10:15 TvC (Gr 8 – 10) - Kerkgebou**
**Aanbieder:** Pieter le Roux
**Tema:** GEBED: Onse Vader Deel 2 – Matteus 6:11-13

**10:15 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Die ontstaan van 'n stukkende wêreld – Genesis 1 - 4

**DIE KOMENDE WEEK...**

**Woensdag 25 Februarie**
**09:00** Bybelstudie ds Leon - Kleinkerk
**18:00** Mannegroep – Lokaal 2

**Donderdag 26 Februarie**
**08:45** Bybelstudie – ds Gerhard
**14:00** Naaldwerkklasse – Lokaal 1 & 2

**SONDAG 1 MAART 2026**
**09:00 Erediens (Doop)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

**JEUG**

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 JOG – Kleinkerk**
**10:15 TvC – Kerkgebou**
**10:15 Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: VGKSA Vrystaat**

# *Doop*

*Eliana Geldenhuys,* dogter van Sean en Margo.

## Lief en Leed

**Voorbidding vir :-**
Nellie Janse van Rensburg
Marie van Zyl
Ds Leon en sy ouers
**Verjaarsdae 80 en ouer:-**
Monica Britz, Belmont, verjaar 22 Februarie (80)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

**SLEUTELS TOEGANG TOT DIE GEDENKTUIN**
Met die aankoop van 'n nissie in die gedenktuin het u 'n sleutel ontvang wat u nou ook toegang tot die terrein gee. Die slot is egter vervang dus moet u asseblief die sleutel by die kerkkantoor omruil vir 'n nuwe sleutel.
**Na ure kontak Anton (082 756 1619).**

## *WAAR KAN JY BETROKKE RAAK IN 2026?*

### Erediens kollekte

Ons benodig vrywilligers wat kan help met die opneem van kollekte. Indien jy wil help ontmoet Willien, na die diens, voor in die kerk om jou naam op te gee en sy sal verduidelik hoe dit werk.

### Nagmaal voorbereiding en bediening

Ons benodig hulp met die skink van wyn (voor die erediens) asook hulp met bediening van brood en wyn tydens die erediens.

### Blomme rangskik

Hulp met rangskik van blomme of hulp met skoonmaak van blare of om tee te maak vir die dames wat rangskik tydens groot geleenthede.

### Pannekoek bak t.b.v. die Noodspens

Daar is 5 geleenthede hierdie jaar waar ons gemeente geleentheid kry om op 'n Saterdag pannekoek te bak en te verkoop by Pick 'n Pay Towers. **Ons benodig die volgende hulp:-** Bakkers, rol van pannekoek, hantering van geld. Ons benodig veral manne met bakkies wat die Saterdagoggend die gasbottels, tafels en stoele van die kerk na Towers kan neem en weer na die verkope dit terug te neem.
As ons 5 manne kry, dan beteken dit slegs 1 beurt vir die jaar!

### Noodspens

Elke laaste Woensdag van die maand kom ons 09:45 by die konsistorie bymekaar om pakkies op te maak. Dit neem nie langer as 'n uur nie. Ons benodig mense wat bereid is om te help pakkies maak. Skenkings van nie-bederfbare voedsel, koffie, tee en langlewe melk is baie welkom. Dit kan gedurende die week of Sondae by die kerkkantoor afgelewer word.

**Indien jy by enige van bogenoemde betrokke wil raak gee jou naam by die Kerkkantoor op of stuur 'n WhatsApp na Willien Fourie 083 700 8684**

## Vroue Bybelstudiegroep ds Leon

Woensdae 09:00 – Kleinkerk

Die groep begin eersdaag met EKSODUS
Indien jy wil aansluit, kontak ds Leon

## AKSIE AFGETREDENES

Dinsdag 3 Maart
Uitstappie na Pantersmuseum, Tempe Militêre Basis
Inligting sal per WhatsApp gedeel word

**Indien u nie deel van die WhatsApp groep van die Afgetredenes is nie, kontak gerus die Kerkkantoor.**

## VOORSANG

Ons benodig mans en dames om deel te vorm van die groep wat die voorsang behartig. Indien jy belangstel kan jy ook deel word van die Gemeente se sanggroep.

Vir meer inligting en om jou naam op te gee, kontak Esther 082 772 7992

**Datums vir dagboek…….**

***WêRELD BIDDAG VIR VROUE***
**Vrydag 6 Maart 18:00 - Kleinkerk**
Kom word bemoedig, uit die stories van vroue in die Bybel
Ds Leon Oosthuizen

**MANNE BIDDAG**
**Saterdag 7 Maart 08:00 – Kleinkerk**
Ds Gerhard Meyer

## VERSOEKE VANAF DIENSRAAD UITREIK

’n Versoek is ontvang dat die eggenote van Thabo, vorige werknemer van die gemeente wat oorlede is, ondersteuning ontvang vir die beveiliging van haar huis. Dit sal wees vir die omhein daarvan. Die gemeente word versoek vir moontlike bydraes tot hierdie behoefte indien hulle moontlik bewus is van 'n heining wat onlangs verwyder is (draadheining) en van die materiaal ontslae wil raak. Dit is beperk tot 'n draad omheining en nie beton konstruksie nie. Indien u kan help kontak die Kerkkantoor.

## Uitreik na DEGNOS

Marietjie Potgieter, voorheen van ons gemeente en deel van Diensraad Uitreik,wil graag haar plaasvervanger (Ansie) ondersteun wat werksaam is te Wildevy Gemeente as deel van DEGNOS. Ansie bly in Port Owen, naby Vredenburg.
Ansie het die behoefte geidentifiseer om komberse vir die ECD skole te hekel as deel van haar werk vir die Here. Ansie het ook haar eie finansiële uitdagings wat dit moeilik maak om al die wol aan te koop.

In die lig van bogenoemde word die gemeente gevra vir vrywillige donasies wat via die Kerkkantoor aan haar oorbetaal kan word om so aan hulle behoefte te kan voorsien om dan sodoende meer kombersies te maak.

Indien u dalk ‘n bydrae wil maak, kontak gerus die Kerkkantoor

# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**

Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks 'n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons 'n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**

U kan u dankoffer in 'n koevert plaas, gemerk "Dankoffer" en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**

U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**

SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

**Vir u gerief is kodes in die banke aangebring. U kan ook u kollekte d.m.v SnapScan betaal.**

Snap here to pay
SnapScan